LUX MUNDI

#NUWEASEM²

#RESET

#volgJesus

13 JUNIE

09:00 Jan Cloete
Tema: Soos God liefhet of soos ek liefhet?
Teks: Galasiërs 5:22-23

09:00 Oostvallei: Gérard Langeveldt

DISSIPELLAND (KLEUTERS - GR 6)

09:00 Kleuters
Gr 1 - 3 in die Jeugsentrum
Gr 4 - 6 in die Tent

GRAFFITI

17:00 Crew-groepe
18:00 Graffiti Café (Bosaal)

WANDEL IN DIE WOORD

Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie.

Galasiërs 5:22-23

GALLERY AANLYN

As gevolg van styging in Covid gevalle in ons omgewing het ons besluit om eers met die aanddiens aanlyn te gaan.

Vir diegene wat graag op die terrein bymekaar wil kom, het ons 18:00 Graffiti Café in die Bosaal.

NUWE LIDMATE

Albert & Ilze van der Westhuizen - NG Ooskerk

BAIE WELKOM!

KREATIEWE BEDIENING

Lux Mundi se Kreatiewe Bediening is witwarm in hierdie koue weer!

Gaan kyk op ons Pinterest **LMStokperdjies** blad vir lekker kreatiewe idees. Craft saam met ons!

Kontak Ilse by groei@luxmundi.org.za met enige navrae.

2021 JAARPROGRAM BESKIKAAR

Daar is harde kopieë beskikbaar by die kerkkantoor.

Indien jy meer as een kopie wil hê, kontak Nelia by erediens@luxmundi.org.za of 012 998 8801 om die aantal wat benodig word te bespreek.

DOOPAANSOEKE

Ons volgende doopgeleentheid vind plaas op **4 Julie 2021.**
Meld asseblief aan teen **15 Junie 2021.**
Doopgesprekke sal plaasvind op **20 & 27 Junie, 16:30** by **Pharos** (777 Jacqueline Rylaan).
Vorms op die webwerf beskikbaar of kontak Ilse by groei@luxmundi.org.za vir meer inligting.

DIENSGELEENTHEDE

Wil jy graag betrokke raak? Ons benodig hulp met:

- **"Easy Worship" hulp (woorde en skyfies projekteer).**
- **Klankpersone.**

Indien jy wil help, kontak asseblief die kerkkantoor.

BEROEP AS DIENSLERAAR: RAYLINE COETZEE

Rayline is verlede jaar gelegitimeer as beroepbare Diensleraar van die NG Kerk. Sy is deur Lux Mundi eenparig beroep op 31 Mei 2021 as Diensleraar vir haar huidige pos as Kinderwerker. Haar vergoeding en kontrak as Kinderwerker bly onveranderd. 'n Diensleraar word volgens die Kerkorde (Reglement 19) beroep om diens te lewer met 'n spesifieke opdrag in 'n Spesialisasieveld. Rayline is beroep vir "Jeug- en Familiebediening".

Lidmate kry geleentheid om hierdie besluit goed te keur binne 'n periode van 2 weke. Enige skriftelike besware kan gerig word aan die Voorsitter van die Gemeenteraad (André Bezuidenhout - bezhoutaj@mweb.co.za) of aan Johan Taute (jtaute@luxmundi.org.za).

AMPSDRAER

Die volgende persoon is verkies as ampsdraer van Lux Mundi Gemeente. Vir dié doel gee ons die naam aan die gemeente deur vir goedkeuring:

Jeandré Slabbert - Gemeenteraad Ouderling

Indien daar enige besware teen hierdie persoon se leer of lewe is, skakel Johan Taute (083 608 4111) voor 15 Junie.

JOB SEEKERS FORUM

Is jy "tussen werke"? Hierdie forum help jou onder andere:

- Om voor te berei vir 'n werksonderhoud
- Met die opstel van 'n resumé
- Met die bemarking van jou vermoëns en vaardighede

Donderdae by Pharos, 09:00–11:00.

Skakel Marlene by 012-9935906/8 vir verdere navrae.

SNAPSCAN

Snap here to pay — SnapScan — Algemeen
Snap here to pay — SnapScan — Dankoffer
Snap here to pay — SnapScan — Pharos

DANKOFFERS

Dankie vir jou getroue gee van jou dankoffer in hierdie tyd.

Gebruik die verwysing: Dankoffer.

Bankbesonderhede:
Lux Mundi Gemeente,
ABSA Reknr: 2310 590 544,
Menlynpark Takkode: 335 645

KONTAK ONS

Kerkkantoor: 012 998 8801
Ma-Vr: 08:00 - 14:00

Vir volledige kontakbesonderhede, sien asseblief die jaarprogram.

Lux Mundi Gemeente Official
luxmundigemeente
www.luxmundi.org.za